



PRETORIA

Pretoria is in 1855 gestig en heet na Andries Pretorius, 'n Voortrekkerleier wat van Graaff-Reinet was. Dit weet ons beslis. Ons weet ook hy was in beheer van die Boeremagte wat die Zoeloes by die Slag van Bloedrivier verslaan het, en dat hy later in die distrik van Potchefstroom gebly het. Daar is geen twyfel dat hy 'n rol gespeel het as leier van die Boere tydens die Sandrivier-konvensie wat vir 'n onafhanklike Zuid-Afrikaansche Republiek voorsiening gemaak het. Ons weet selfs dat hy in 1853 oorlede is. Toe die Unie van Suid-Afrika in 1910 gestig is, het Kaapstad die wetgewende hoofstad van die verenigde land geword, en Pretoria die administratiewe hoofstad. Die pragtige Uniegebou is vandag steeds die setel van die uitvoerende gesag. Met Uniewording is twee amptelike tale erken – Engels en Nederlands. Die beginsel van moedertaalonderwys was toe reeds aanvaar. Maar na uniewording was dit duidelik dat Nederlands nie meer die moedertaal is nie, maar eerder Afrikaans, die spreektaal van miljoene mense. 'n Twis het nou ontstaan oor 'n moontlike nuwe naam vir die stad – Tshwane. Dit is nie seker waar die naam ontstaan het nie. Een teorie is dat dit die naam is van 'n 17de eeuse Ndebele-opperhoof, maar dit is nie seker of so iemand bestaan het nie. Ander sê dis die Ndebele-woord vir 'n swart kooi wat in reënmakrituele gebruik is. As bederwe vorm van die Ndebele-woord vir Apies kan dit dalk verwys na die Apiesrivier wat deur die stad vloei. Dis ook moontlik ontleen uit die Ndebele vir "ons is dieselfde," maar ook daarvoor is daar nie sekerheid nie. Dit is die naam van die oorkoepelende munisipaliteit wat Pretoria insluit, en sal moontlik die stad se amptelike naam word namate naamsveranderinge toeneem in Suid-Afrika, veral noord van die Vaalrivier.

*Naas Botha het op Hendrik Verwoerd stoolgegaan.